Ps. 118: 13.
Ges. 76: 1, 2.
" 158: 4, 5.

Die Tweede Bede: U Koninkryk K | Aok. 18.2.62

Matt. 4: 12-17; Joh. 3: 1-5

Matt. 4: 17 - Bekeer julle, want die Koninkryk van die hemele het naby gekom.

In die eerste bede v.d. O.V. het Xtus ons geleer om te bid vir die heiliging v.d. Naam v God. Die eerste bea dus, hou hom besig met God self, sy Naam, sy Wese. Die 2e bede volg logies & natuurlik daarop: dit hou hom besig, dit omvat Gods Koninkskap, sy Ryk, sy Werk. In hd. bede leer Xtus ons om te bid vir die Koms van Gods Koninkryk.

Maar is dit dan nodig om dit te bid? Is die hele wêreld dan nie ingesluit onder d. heerskappy van God nie? Is daar dan nog êrens 'n plekkie of kolletjie waar God nie heers, maar sy Ryk nie bestaan nie? Is dit dan nie juis wat ons as Xtene bely teen al die spot en aanklag en verwyt v.d. wêreld in wat sê: Kyk na al d. haat, d. ellende, d. bloedvergieting, die onreinheid en ongeregtigheid op d. wêreld: Is dit die Koninkryk v God?

Daarom wil ons vanaand ons vra: Wat is hd. Koninkryk v God? Hoe lyk dit? Waar vind ons dit? Dan wil ons vra: Hoe word iemand 'n burger van hd. ryk? Derdens wil ons dan vra: Wat beteken die gebed dat hd. ryk moet kom?

I Wat is hd. Koninkryk van God? Wie sy Bybel aandagtig lees sal dadelik ontdek dat die uitdrukkinge „Koninkryk v God" „Koninkryk v.d. hemele" nêrens i.d. O.T. voorkom nie. Die eerste persoon wat hd. uitdrukkinge gebruik en aan hulle hulle inhoud gee is Jesus Christus. Hy begin sy eerste openbare rede m.d. woorde: „Bekeer julle, want die Koninkryk v.d. hemele het naby gekom". Talle male praat Xtus oor d. Koninkryk en uiteindelik

Hy wat Hy daarby bedoel. Uit al hd. uitsprake kry ons die begrip van 'n ryk wat in sy wese, vorm en uitinge so gans anders is as alle ander ryke: (1) Eerstens ontdek ons dat hd. ryk bestaan en aanskou word in die skepping. Die hemel en aarde, die ganse skepping v. God is alles deel van sy ryk – d/in aanskou ons d. almag, d. grootheid, sy voorsienigheid, d. majesteit van God! In dié sin bestaan die Godsryk reeds ook op d. aarde.

Rus my siel, jou God is Koning,
Oral voer Hy heerskappy;
Alles wissel op sy wenke,
Onveranderlik is Hy.

(2) Tweedens – en dis iets heeltemal nuuts – kom Xtus leer dat hd. Koninkryk een is van gees en gesindheid, van 'n veranderde ~~[illegible]~~ verhouding tot God en medemens, van innerlike hartsverandering. Sonder hd. verandering van gees en hart is hd. ryk nie moontlik nie. Dit sê Xtus baie duidelik en beslis aan Nikodemus: As iemand nie wedergebore word nie, kan hy die Koninkryk van God nie sien nie. „My Koninkryk nie v. hd. wêreld". (3) Derdens, sê Xtus, is die Koninkryk van God wat vanuit die mens se veranderde hart hom uitbrei na alle terreine v. d. mens se lewe: sy huis, sy werk, sy sport, sy politiek, sy kultuur, sy geldsake. Dit deurtrek alle verhoudinge en laat 'n mens alle dinge in 'n ander lig sien. Dis 'n ryk nie van hd. wêreld nie, maar in hd. wêreld; dis 'n ryk sonder grense wat alle ander ryksgrense deurdring.

Nou die 2e vraag: Hoe word ek 'n burger van hd. Koninkryk? Hierop is Xtus se antwoord duidelik en ondubbelsinnig: alleen hy in wie se hart daar 'n goddelike ommekeer gekom het, kan burger word. (Nikodemus). Hd. ommekeer omskep ons bekering en voorwaarde: hd.-ryk! → wie Xtus as Koning herken het, aanvaar sy heerskappy – met baie woorde: kindergebore tot die ryk. Nl. in wese kom dit neer op een my geloof in Xtus as d. Koning van ... Dus waar Xtus is, is die ryk in begmaal.

Die Godsryk is dus daar, maar ek kan daarbuite wees, uitgesluit deur my onwil, my weiering, my ongeloof. Dan deel ek nie in sy regte en voorregte nie, ek aanvaar nie sy heerskappy nie, ek leef in opstand teen Hom, saboteer sy planne, verydel sy genade!

Nou die derde vraag: Wat bedoel ek as ek bid: „Laat u Koninkryk kom"?

(i) Ek bid dat ek onderworpe sal wees aan dd. ryk. Die gebed veronderstel dat ons as Xtene reeds burgers is, onderdane van die Godsryk. Nl. Xtus weet baie goed hoe ongehoorsaam, hoe eiesinnig, hoe opstandig ons baiekeer kan wees. Hy weet as dit van ons afhang sal ons altyd eers ons eie ryk soek: die van ons eie gemak, ons eie populariteit, ons eie geldelike voordeel, ons eie sondelike begeertes, ons eie politieke ideale, ons eie kultuuropvattinge wat baiekeer direk strydig is met die wette van die Koninkryk v. God. Hoe beleef die Xten baiekeer nie so 'n groot spanning bv. ook wat sy vaderlandsliefde betref om te weet: waar is my hoogste lojaliteit – by die Godsryk of by my aardse ryk? Xtus kom & sê: Bemin jou land, jou volk, jou kultuur – maar bemin My en My ryk meer as al hd. dinge! Sê dit vir almal wat wil kom meer: Amerikaner, Rus, Jood, Engelsman, Afrikaner, Bantoe, Indiër: Soek eers die Koninkryk v. God ...

(2) Ek bid dat d. Kerk gehoorsaam sal wees aan d. Koninkryk: Xtus laat ons nie bid: „Laat u Kerk Kom" nie – hoekom nie? Omdat Hy ons wil leer: Die Kerk is hier as die Kanaal, d. instrument v. God daargestel, die taakmag v. God om te stry & te werk & te veg vir die verwesenliking v.d. Koninkryk. Daarom is die ~~Kerk~~ Koninkryk baie groter as ~~my~~ die Kerk van Xtus. En van dd. Kerk v Xtus, die „Una Sancta", is my Kerk nr. 'n Klein onderdeel. As ek dus bid: „Laat u Koninkryk Kom" dan bid ek alle Kerkisme dood, alle sondige Kerklike ydelheid en verdeeldheid dood! As ek dit bid dan vra ek: Here, open die oë van my Kerk en elke Kerk dat hulle hulle roeping mag sien om ~~...~~ te leef en te getuig en te werk dat u Koninkryk nader Kom!

(3) Ek bid dat d. evangelisasie- en sendingarbeid ryke vrug mag dra: hie ~~bid~~ 2 Bede bid, bid nie alleen vir indiv. bekerings nie, mr. vir d. oorwinning v.d. Kruisevangelie oor gehele volkere & lande! As iemand dus teen d. sending en evangelisasie is, of lou & onverskillig staan daarteenoor – hoe kan hy die Onse Vader bid? Want as u dit bid dan bid u ook: Here Jesus, voorsiel die pas v.d. Kerstening van alle volke sodat die dag kan aanbreek dat U kom op d. wolke v.d. hemel!

→ Sien u wat u alles bid as u die O.V. bid? Kan u in opregtheid dit bid? Wil u dit bid?